
# SONNIES FLITSE

## SONNEVELD AKADEMIE SE NUUSBLAD





## KOERSVAS OP PAD

Hier staan ons reeds aan die einde van die eerste kwartaal! Die jaar is goed op dreef en mens kan nie glo dat ons al op pad Paastyd toe is nie. Dit is nou maar eenmaal so dat die lewe nie stilstaan nie - as jy nie inspring en saamreis nie, gaan die lewe beslis by jou verby

Dit is so belangrik dat ons, as skool, moet sekermaak dat ons op koers bly. Ons moet ook ons kinders en jongmense toerus om selfstandig te kan reis. Daar is soveel afdraaipaaie, verkeerde paaie, kortpaaie en valse rigtingwysers dat mens amper benoud wil raak.


By Sonneveld Akademie is ons besig om kinders en jongmense, na die beste van ons vermoë, toe te rus vir hulle lewensreis, maar sonder God as Stuurman en die Bybel as rigtingwyser sal dit 'n onbegonne taak wees.

Lees in hierdie uitgawe hoe ons geleenthede skep vir ons leerders vir gesonde pret, sosialisering, akademiese groei en deelname aan kunsaktiwiteite en sportgeleenthede. Sodoende probeer ons gebalanseerde leerders opvoed wat gereed is vir die reis.

Natuurlik kan ons nie anders as om heelhartig met die Psalmdigter saam te stem nie: ons het 'n lig vir ons pad en 'n lamp vir ons voet nodig.

Lees gerus verder wat ons skoolhoof te sê het oor tydbestuur en oor hoe om ons "bus" koersvas op pad te kan hou.










## Boodskap van ons skoolhoof...

"Elke ding het sy vaste tyd... God het elke ding gemaak dat dit pas in 'n bepaalde tyd..."

Ons leer die Prediker ken as 'n persoon wat homself besig gehou het met die soeke na 'n antwoord op die diepste lewensvrae. Onder andere ook oor die vraag "Wat kry die mens vir die werk waarmee hy hom vermoei?" – Pred.3:9.

Heel waarskynlik het die Prediker hiermee die verwagting geskep van beloning vir dit waarmee ek en jy ons elke dag besig hou. Die eerste kwartaal is nou geskiedenis, geleenthede het gekom en gegaan. Dit laat my nogal dink aan 'n munisipale bus wat op sy roete mense oplaai en aflaai. Om die reis mee te maak moet ek betyds by die bushalte wees en moeite doen om my plekkie op die bus te vind. As ek laat is, of nie moeite doen om in die bus te klim nie, bly daar net uitlaatgasse van daardie geleentheid oor wat mettertyd in die atmosfeer verdwyn...

Hoe het ek en jy aan elke ding sy tyd gegee in hierdie kwartaal? Daardie geleentheid wat oor my en jou pad gekom het? My kind, sekerlik sal jou skoolrapport eersdaags daaroor kan berig.

Onthou, seun en dogter, jy bly die argitek van jou eie omstandighede. Kom ons gaan besin daaroor en neem die woorde van Prediker ter harte. Kwartaal twee arriveer binnekort, soos die munisipale bus, op sy tyd soos bepaal vir alles om ons... Gaan die "nuwe" geleenthede verdwyn in die atmosfeer of gaan ek doelgerig op pad wees na my bestemming, gefokus, op my plekkie in die bus.

Steeds sal die vraag: "Wat kry die mens vir die werk waarmee hy hom vermoei?" weer aan die orde kom. Jou beloning wag in die eindproduk waar jy steeds die argitek van jou omstandighede bly.

Baie dankie aan elke ouer, personeellid en leerder wat so gefokus en met toewyding gewerk het gedurende die afgelope kwartaal om ook ons "bus" koersvars op pad te hou.

Baie sterkte vir die tweede kwartaal en onthou... wees betyds by die bushalte!

Seënwense

*Steven Weber*














# Graad l's gee eerste tree...
















'n Pragtige groepie graad 1's het op die eerste skooldag van 2022 by Sonneveld Akademie aangesluit.



Met hope entoesiasme het hierdie kindertjies die eerste tree van hulle skoolloopbaan gegee. Ons kon nie anders as om trots te wees nie! Lyk hulle nie mooi in hulle skoolklere nie?

Hulle het lank gewag vir grootskool en Juffrou Jane het gesorg dat die dag vir almal seepglad verloop het. Die groot glimlagte van ons nuwe Sonnies spreek boekdele.



Met sulke blink oë, vol hoop en leergierigheid, glo ons daar wag 'n mooi toekoms vir die nuwe generasie Sonnies. Baie welkom graad 1's! Julle het reeds ons harte gesteel! Ons weet julle gaan nog diep spore hier in ons midde trap.

~Leané Viljoen

GRAAD 1

# KLIPHARD AAN DIE WERK vanaf dag 1!

























Die graad I's het sommer dadelik aan die werk gespring!





# Leiers 2022



Die leiers en hoofleiers van 2022 is vroeg in Januarie aangekondig. Dit was 'n spoggeleentheid. Tydens hierdie geleentheid is die Uitblinkersbord van 2021 ook onthul. Baie geluk met die mooi prestasies!

~Roelien du Plooy en Geraldine Durandt

## Laerskoolleiers




Foto bo agter: Christiaan van Jaarsveld, Landré Potgieter, Armandt Droskie, Benriku Oosthuizen, Caleb Smit.

Bo middel: Abigail Robinson, Zeldine Dekker, Kiara Potgieter.

Bo voor: Juffrou Letitia Smit (leiervoog), Tomothy Weber, (hoofseun), Clarissa du Toit (hoofdogter), Meneer Steven Weber (skoolhoof).

Onder: Die laerskool se hoofleiers, Timothy Weber en Clarissa du Toit




## Hoërskoolleiers




Foto bo agter: GeraldineDurandt, Melissa Maffini, Jarin Datnow, Roux-André Agenbag, Twané van Niekerk, Nicole Stears, Leané Viljoen.

Bo voor: Temielle da Encarnacao, Migell Fisch (hoofseun), Juffrou Letitia Smit (leiervoog), Meneer Steven Weber (skoolhoof), Anzel Parsons (hoofdogter), Sonique Butler.

Onder: Die hoërskool se hoofleiers, Migell Fisch en Anzel Parsons.



# SONNIES RADIO-FONDSINSAMELING SORG VIR HOPE PRET





Die Sonnies Radio-span het sommer vroeg-vroeg in 2022 ingespring om fondse in te samel vir die radio. Hulle het 'n pretdag gereël. Dit was nou behoorlik 'n fees! Die Sonnies Radio-span het boeresport aangebied, smullekker kos en musiek voorsien en selfs ons hoof sover gekry om tou te trek. Die hoogtepunt van die dag was om onderwysers in skoolklere en die leerders as "onderwysers" te sien! Baie dankie vir 'n heerlike dag Juliana, Kiara, Lizandri, Venter, Kaylin, Chenèlle en Lorilia.




<u>Foto bo links</u>: Migell Fisch saam met Juffrou Letitia Smit, sy inspirasie.
<u>Foto bo regs</u>: Die "skoolkinders" lyk netjies in uniform.
<u>Foto onder</u>: "Leerders" en "onderwysers" van Sonneveld Akademie.

~Nicole Stears



Onder: Dylan Möller as Mnr. Willem de Lange saam met Mnr. Willem de Lange as 'n leerder.





Bo: Meneer Willem word "vasgevat" deur leerders wat as Mnr. Steven Weber aangetrek het.
Bo links: Zian Henning
Bo regs: Benriku: Oosthuizen



Foto bo: Meneer Weber en Juffrou Jane as skoliere.



Foto bo: Tannie Lynn-Mari, Juffrou Sonja Jooste en Juffrou Hermien as skoliere.



Foto bo: Meneer Weber neem deel aan die pret.



Foto bo: Meneer Weber saam met twee van die leerders wat soos hulle hoof aangetrek het.

# KARAKTERDAG



Sonneveld Akademie het 'n storieboekkarakterdag op 11 Februarie 2022 gehou. Dit was deel van die graad 11's se fondsinsamelingsprojek. Die leerders is die geleentheid gegun om soos hulle gunsteling storieboekkarakter aan te trek. Die graad 11's het kos, lekkers en speletjies gereël. Dit was beslis 'n sukses en die leerders het dit baie geniet. Dankie Graad 11's en Juffrou Alecia van der Westhuizen.

~Geraldine Durandt





Kleurvolle storieboekkarakters het die hele skoolterrein in 'n 'n fantasiewêreld verander!








# Puik NW-take in Juffrou Sonja Kromhout se klas











**Die graad 5's spog met hulle uitstekende take. Hulle verstaan gewerwelde diere nou baie goed.**

# AKSIE, LANG ASEMS EN ADRENALIEN BY SONNIES SPORT

~Roux-André Agenbag



Die atletiekseisoen het in Januarie met mag en mening afgeskop. Al die byeenkomste was 'n groot sukses en het baie goed afgeloop. Die Sonnies het hulle goed van hul taak gekwyt.

Die skyfskietspan het ook baie mooi presteer. Op die oomblik het Sonneveld Akademie die grootste pistoolspan in die land. Ons is ook die grootste ESSU-geaffilieerde span in Ekurhuleni.

Die wintersport skop eersdaags af en dit klink of die Sonnies baie opgewonde daaroor is en met afwagting daarna uitsien!



























Dankie vir die mooi atletiekfoto's, Tannie Suzette. Tannie Suzette is ons atletiekorganiseerder en het baie hard gewerk.

# Nuwe bloed by skool

Sonneveld Akademie het 'n nuwe leerkrag ryker geword. Juffrou Margeaux Vorster bied Wiskunde en Engels aan. Sy bring nie net haar vakkennis na die tafel nie, maar ook 'n styl wat skrik vir niks.

As jou humorsin skerp is, sal jy beslis 'n klas by Juffrrou Margeaux baie geniet!



**Foto regs**: Die Sonnies se onderwyser-aflosspan. Juffrou Margeaux is tweede van links saam met Tannie Lindie, Tannie Suzette en Juffrou Yolanda.

~Jarin Datnow

# Leerders woeker met hulle talente

**Die Sonnies is kinders van vele talente. Luca-Leigh Nieuwoudt (graad 6) het hierdie pragtige skets van 'n hondjie gemaak. Ons leerders het baie versteekte talente! Ons moedig graag ons leerders aan om veelsydig te wees en al hulle talente te ontwikkel.**




# Ons eie Juffrou Carina wen skietkompetisie

Juffrou Carina rig saam met Meneer Willem ons skool se skyfskiet af. Sy is self 'n kranige skut wat onlangs die eerste plek behaal het as die beste dameskut van die SA Jagters-& Wildbewaringsvereniging. Baie geluk, Juffrou!







SA JAGTERS- & WILDBEWARINGSVERENIGING
SA HUNTERS & GAME CONSERVATION ASSOCIATION

STREEK / REGIONAL

PRESIDENT & INTER-TAK SKIETKOMPETISIE
PRESIDENT & INTER-BRANCH SHOOTING COMPETITION

Hiermee word gesertifiseer dat
It is hereby certified that

C Joubert

060716

die onderstaande prestasie behaal het:
achieved the following:


DAMES / LADIES

EERSTE PLEK
FIRST PLACE

President

05 Mar 2022
Datum / Date

HUB / CEO





# UITBLINKERS se harde werk word beloon

Sonneveld Akademie het hierdie jaar weer die **2021** Uitblinkers aangewys. Baie geluk aan alle leerders wat uitsonderlike prestasies behaal het!

**Stefni Binneman** – Senior Sonnevelder 2021 en Hoërskool Hoofdogter 2021

**Nicole Stears** – Victrix Ludorum Kultuur Fase 10-12

**Leané Viljoen** – Victrix Ludorum Akademie Fase 10-12

**Juliana du Plessis** - Uitstaande prestasie in sang en verskeie talentkompetisies

**Chenèlle Dietrechsen** – Victrix Ludorum Akademie Fase 7-9

**Leandi Oelofse** – Victrix Ludorum Senior Sport en Victrix Ludorum Kultuur Fase 7-9

**Zetske van Niekerk** – Junior Sonnevelder 2021 en Laerskool Hoofdogter 2021

**Christiaan van Jaarsveld** - Uitstaande prestasie in skiet

**Luca-Leigh Nieuwoudt** - Victrix Ludorum Akademie Fase 4-6

en Victrix Ludorum Kultuur Fase 4-6

**Kaylee Deetlefts** – Victrix Ludorum Kultuur Fase 1-3

**Kelly Engelbrecht** - Uitstaande prestasie in Tenshinkan Karate op nasionale vlak

**Damian Smit** –
Victor Ludorum Akademie Fase 1-3 en wenner van die 2022 jaartema

Jaartema 2022

**Die Here weet wat ons nodig het; Hy is getrou.**




*Sukses is altyd harde werk, maar die moeite werd!*





# *Kuns ontwikkel kreatiwiteit en verbeelding*

Juffrou Hermien het pragtige kunstake van die graad 7's ontvang. Hulle het baie oorspronklike maskers gemaak! Die leerders het verskillende tegnieke, slim kleuraanwending, verskillende kunsstyle en 'n verskeidenheid teksture gebruik om unieke kunswerke te skep.










**Die graad 9's se skilderwerk (onder) is pragtig, kleurvol en treffend.**






*Geniet die vakansie , Sonnies!*